Die Suiderkruis staan nog hoog

Die verhaal van ’n motorfietstoer wat kom

Ek sukkel om snags te slaap. Die rede is ’n geel lyn op ’n landkaart. ’n Lyn wat ek vanaf my huis in Limpopo deur Afrika tot in Duitsland getrek het. En daardie lyn het my roete geword.

Die lyn het soos ’n reisiger wie se oë op ’n ver horison gerig is, verder gekruip. Noordwaarts. Na ’n volgende kaart. Die kaart het vorm gegee aan ’n land. En nog een.

Die een land het in die volgende gevloei en vorm aan ’n vasteland gegee. Die lyn het Afrika verlaat en slingerend sy pad in Italië tussen miljoene mense en huise en motors deur, verby berge en mere tot by die Tiroolse Alpe gevind.

Oor die Alpe. By Innsbruck draai die pad wes. Verby die St. Christopher-kerk waar die beskermengel vir reisigers die Christuskind op sy skouers deur die water dra. Dan kronkel die lyn oor die Fernpass tot in Duitsland. Verby die voet van die Zugspitze se hoogste bergpiek op 2 962 meter. Pfronten. Voor my woonstel verby waar ek vir baie jare gewoon het.

Oor die Mainrivier tot naby Frankfurt waar die lyn ’n laaste draai maak en by Rote Hohl 5 indraai en stop. Die einde van ’n reis van 16 000 kilometer.

Ek het genoeg tyd gehad om my toer deeglik te beplan. Ek het genoeg langafstandritte gedoen waar ek my toerusting, my motorfiets en myself kon voorberei.

Maar wanneer ek op 15 Maart 2008 vertrek, is my doel nie dadelik Duitsland nie. Ek probeer om die omvang van tyd en afstand in my kop te systap deur my toer op te deel in 90 dagtoere.

My toer vir die eerste dag is tot by Francistown in Botswana. Die volgende dag se toer neem my tot by Kasane.

Een lang toer word nou 90 kort vakansies en 90 geleenthede om mens, natuur en kultuur te ontdek en geniet.

My vertrek op die motorfietstoer is om die draai. Die Suiderkruis het nog nie vir die laaste keer verdwyn agter my rug oor die horison nie. Die pad vorentoe gaan ’n wonderlike ontdekkingstog word.

Kom deel in my toer deur die gebeure op www.naboom2germany.co.za te volg, of skryf aan my by lodie@naboom2germany.co.za.

Lodie de Jager, Mookgopong

“My raad vir babbelas - Byt die hond terug wat jou die Kersfees gebyt het ”

KOOS KOMBUIS

BEYERSKLOOF